
# VERBRUIKERSTUDIES: OPSOMMENDE NOTAS
# GRAAD 10 – KWARTAAL 1

## Wat is 'n verbruiker?

**Die persoon wat betaal om goedere / dienste te ontvang.**




## Behoeftes vs Begeertes

- **Behoefte:** Dit wat ons nodig het om te oorleef. Behoeftes bepaal die verbruiker se gedrag
- **Begeerte:** Dit wat ons graag wil hê, alhoewel dit nie lewensnoodsaaklik is nie.

________________________________________
________________________________________
________________________________________
________________________________________

Kan jy 'n paar voorbeelde van behoeftes en begeertes opnoem?

## 01: Maslow se hiërargie van behoeftes



Sorteer die volgende prente sodat dit by die regte vlak van Maslow se hiërargie pas. Skryf slegs die toepaslike nommer langs elke prent neer.







## 02: Verbruikers se regte en verantwoordelikhede

Saam met elke reg kom 'n verantwoordelikheid. Wees ingelig oor jou regte, maar besef dat jy terselfdetyd 'n gepaardgaande verantwoordelikheid het indien jy op hierdie regte wil aandring.

| Verbruikers het die reg om…. | | |
|---|---|---|
| **…voorsien te word met basiese behoeftes.** |  | Basiese voedsel, klere, skuiling, skoon water en sanitasie |
| **…te kan kies.** |  | Keuse te hê tussen verskillende produkte en dienste teen mededingende pryse. |
| **…veilig te wees.** |  | Produkte en dienste moet veilig wees om te gebruik en geen gesondheidsrisiko inhou nie. |
| **…gehoor te word / beswaar aan te teken.** |  | 'n Klag kan gelê word by 'n bestuurslid, indien die verbruiker ontevrede is. Verbruikersorganisasies kan genader word om 'n beswaar te lê. |

| | | |
|---|---|---|
| **…die herstel / terugbetaling te eis op foutiewe goedere en dienste.** |  | Minderwaardige produkte / dienste moet herstel / vervang word. Vergoeding of terugbetaling kan ook geëis word. |
| **…verbruikersopvoeding te ontvang.** |  | Die staat / privaatsektor moet die verbruiker oor verbruikersake inlig |
| **…in 'n gesonde omgewing te leef.** |  | Skoon omgewing met onbesoedelde lug en water. Herwinning en rommelverwydering moet 'n prioriteit wees. |
| **…kwaliteit produkte / dienste te ontvang.** |  | Goeie kwaliteit tekstielstowwe en bestanddele. |
| **…billike pryse te betaal.** |  | Pryse moet ooreenstem met die kwaliteit van die produk. |
| **…hoflike behandeling te ontvang** |  | Moet respekvol hanteer word. |



| Gepaardgaande verantwoordelikhede…. | | |
|---|---|---|
| **Wees ingelig** |  | Lees etikette & inligting vanaf vervaardigers. Bestudeer sosiale media, koerant-, TV- en radio-advertensies om pryse en produkte te kan vergelyk. |
| **Betaal stiptelik** |  | Betaal rekeninge betyds om te verhoed dat jy op die swartlys van die kredietburo geplaas word. |
| **Wees eerlik** |  | Geen artrikels mag geneem word as dit nie aan jou behoort nie. Moenie ‘n produk eis indien jy nie die instruksies of versorgingsmetodes gevolg het nie. |
| **Moenie goedere beskadig nie** |  | Jy sal daarvoor moet betaal indien jy produkte in die winkel beskadig. |
| **Gebruik korrekte kanale vir klagtes** |  | Klagtes / besware moet by die regte persoon / organisasie aangeteken word. |
| **Tree hoflik op** |  | Wees beleefd en behandel verkoopspersoneel met respek. |
| **Hou by jou begroting** |  | Leef volgens ‘n voorafbepaalde begroting om te vehoed dat jou uitgawes meer as jou inkomste is. |
| **Bewaar die natuurlike omgewing** |  | Herwin, moenie rommel strooi nie en bewaar water en ander natuurlike hulpbronne vir toekomstige generasies. |